

Voor 1652 – Vakhistorici se interpretasies van die vroeë Suid-Afrikaanse geskiedenis

Pieter de Klerk

Skool vir Basiese Wetenskappe

Noordwes-Universiteit (Vaaldriehoekkampus)

pieter.deklerk@nwu.ac.za

Abstract

During the last few decades scholars from various disciplines, such as paleontology, archeology, anthropology and linguistics, have steadily increased our knowledge of early South African history. Historians are dependent on the research of these scholars when writing interpretative overviews of South African history. In 1918 GM Theal included an account of South African history before 1652 in his multi-volume *History of South Africa*, but only since the 1970s have a number of professional historians studied the early phase of South African history. Richard Elphick made an important contribution to the study of the early Khoikhoi of the Western Cape. Other historians wrote overviews with a section on early history. Some of them regarded the early period primarily as an introduction to the history of South Africa since the seventeenth century, which, according to them, has the struggle between indigenous inhabitants and Western colonizers as its dominant theme. A few historians, such as HJ van Aswegen, wrote more extensively on early history, although Van Aswegen and his fellow-historians mainly provided a synthethis of research done by archeologists, anthropologists and linguists. Very little comparison with the history of other countries was done and very few problems regarding the research findings of scholars in the above-mentioned disciplines were pointed out. It is concluded that by paying more attention to the period before 1652 historians can provide new perspectives on major trends in the development of South African society.

Keywords: South African historiography; Early South African history; Precolonial history; Prehistory; Khoisan; San; Khoikhoi; Bantu-speaking peoples.

Inleiding

Die beskouing dat 1652 nie net 'n belangrike keerpunt nie maar die eintlike beginpunt van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is, het tot onlangs onder baie Suid-Afrikaanse geskiedskrywers voorgekom. Dit blyk onder meer uit die titels van wetenskaplike werke soos *Van Riebeeck tot Verwoerd, 1652-1966*; 'n *Inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*¹ en *The shaping of South African society, 1652-1840*.² Tog was daar al meer as 'n eeu gelede historici wat besef het dat die geskiedenis van Suid-Afrika veel verder terugstrek, soos veral blyk uit die werk van GM Theal (1837-1919), wat algemeen gereken word as 'n vername figuur onder Suid-Afrika se vroeë geskiedkundiges. Hy het in 1910 'n publikasie die lig laat sien met die titel *Ethnography and condition of South Africa before A.D. 1505*.³ Die feit dat hy die term etnografie gebruik, duï tog aan dat hy van mening was dat oor hierdie vroeë tydperk geen geskiedenis in die gewone sin van die woord geskryf kan word nie.

Ons kennis van die vroeë Suid-Afrikaanse geskiedenis⁴ het in afgelope dekades aansienlik toegeneem, veral deur studies van paleontoloë, argeoloë, antropoloë en taalkundiges. In sintesewerke is hoofstukke oor die vroeë periode dikwels deur deskundiges op die betrokke terreine geskryf. Reeds in die bekende oorsigwerk van Van der Walt, Wiid & Geyer, wat in 1951 verskyn het, is daar 'n hoofstuk oor die Suid-Afrikaanse inheemse bevolking opgeneem met 'n antropoloog as outeur.⁵ 'n Ander antropoloog, Monica Wilson, het as mederedakteur opgetree van *The Oxford history of South*

1 FA van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd, 1652-1966*; 'n *Inleiding tot die geskiedenis van die Rebubliek van Suid-Afrika* (Johannesburg, Perskor, 1969). 'n Hersiene uitgawe, *Van Van Riebeeck tot PW Botha* (Johannesburg, Perskor), het in 1982 verskyn.

2 R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840* (Cape Town, Maskew Miller Longman, 1989).

3 GM Theal, *Ethnography and condition of South Africa before A.D. 1505* (London, Allen & Unwin, 1910). Hierdie boek kom gedeeltelik ooreen met sy *The yellow and dark-skinned peoples of Africa south of the Zambesi* (London, Sonnenschein, 1910).

4 Die term voorkoloniale geskiedenis word nie in die artikel gebruik nie omdat die gebied wat tans deel vorm van Suid-Afrika oor 'n tydperk van meer as 200 jaar agtereenvolgens deur die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, Groot-Brittannie en die Boererepublieke onder hul beheer gebring is. Die voorkoloniale periode het dus, byvoorbeeld, veel langer geduur in die gebied wat tans bekend is as die Limpopoprovinsie as in die Wes-Kaap.

5 WM Eiselen, "Die Suid-Afrikaanse inboorlinge", AJH van der Walt, JA Wiid & AL Geyer (reds), *Geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1951), band 2, pp. 331-347. Die hoofstuk bevat net enkele paragrawe oor die geskiedenis voor 1650.

*Africa.*⁶ In ‘n resente oorsigwerk, *The Cambridge history of South Africa*,⁷ is die hoofstukke oor die vroeë geskiedenis deur twee argeoloë geskryf. Die aard van hul dissiplines bring mee dat argeoloë en antropoloë hulle gegewens op ‘n besondere wyse interpreteer en integreer. 1652 of 1650⁸ vorm sodoende ‘n soort skeidslyn tussen die geskiedenis wat geskryf word deur argeoloë en antropoloë en die geskiedenis wat geskryf word deur vakhistorici. Dit kan daartoe lei dat wetenskaplikes ‘n kunsmatige grenslyn in die geskiedenis van Suid-Afrika trek en dat die kontinuïteit tussen die vroeëre en latere periodes nie genoeg na vore gebring word nie.

Die probleem dat historici ten opsigte van die vroegste geskiedenis van ‘n land, waaroor daar geen geskrewe bronne bestaan nie, afhanklik is van die werk van argeoloë en ander wetenskaplikes is nie uniek aan Suid-Afrika nie. By die totstandkomming van die *Algemene Geschiedenis der Nederlanden*, ‘n versamelwerk wat uiteindelik 15 bande beslaan het, was dit moeilik om samewerking tussen historici en argeoloë te bewerkstellig. Argeoloë se werk oor die heel vroeë geskiedenis van Nederland is nie as ‘n band in die reeks opgeneem is nie, maar as ‘n aparte publikasie uitgegee.⁹

In hierdie artikel word die interpretasies deur vakhistorici van die Suid-Afrikaanse geskiedenis voor ongeveer 1650 kortlik bespreek.¹⁰ Die meeste publikasies van belang het eers na 1970 verskyn. Daarom word net kortlik aandag gegee aan vroeë skrywers. Wat die periode na 1970 betref, word eers enkele algemene opmerkings oor die werke gemaak en daarna op die interpretasie van enkele besondere aspekte van die geskiedenis gefokus. Eerstens word nagegaan hoe aan die vroegste geskiedenis aandag gegee word. In verdere afdelings word die skrywers se behandeling van die oorsprong van die San, Khoikhoi en Bantoesprekendes en ook van die verhouding tussen hierdie groepe in oënskou geneem. Die historici se bespreking van die mate

6 M Wilson & L Thompson (eds), *The Oxford history of South Africa* (Oxford, Clarendon Press, 1969-1971). Wilson is ook die outeur van drie hoofstukke oor, onderskeidelik, die Khoisan, die Nguni, en die Sotho, Venda en Tsonga. Die eerste hoofstuk, oor die vroegste ontwikkelinge, is geskryf deur die argeoloog RR Inskeep.

7 C Hamilton, B Mbenga & R Ross (eds), *The Cambridge history of South Africa*, Vol. 1, *From early times to 1885* (Cambridge, University Press, 2010).

8 Die Nederlandse verversingspos aan die Kaap is in 1652 gestig, maar in die grootste deel van Suid-Afrika het daar in 1652 geen belangrike veranderinge plaasgevind nie. Met die vroeë geskiedenis, waarop die aandag in die artikel val, word die geskiedenis tot ongeveer die helfte van die sewentiende eeu bedoel. Die datum 1650 word verder in die artikel gebruik omdat dit ‘n meer afgeronde syfer is.

9 DP Blok et al., *Algemene geschiedenis der Nederlanden*, band 1 (Haarlem, Fibula Van Dishoeck, 1981), p. 13. Die redakteurs verduidelik in hul voorwoord dat die argeoloë hul taak anders gesien het as die historici. Dit was toe die enigste uitweg om twee aparte publikasies uit te gee.

10 Werke wat handel oor die Europese skeepvaart na en om Suid-Afrika voor 1650, maar nie aandag gee aan ontwikkeling in die binneland nie, word buite rekening gelaat.

van kontinuïteit en verandering in die ekonomiese en politieke stelsels word vervolgens van nader beskou. Die voorlaaste afdeling van die artikel handel oor die wyse waarop die skrywers die latere geskiedenis laat aansluit by die vroeë ontwikkelinge. Daarna volg enkele gevolgtrekkinge en slotopmerkings.¹¹

By die bespreking van interpretasies deur historici sal nie ingegaan word op die invloed van hulle filosofiese en ideologiese agtergrond nie. Soos L Thompson tereg aandui, het die ou verdeling tusen radikale en liberale strominge in die laat twintigste eeu grotendeels vervaag¹² en hierdie verskille kom dan ook nie sterk na vore in historici se interpretasies van die vroeë geskiedenis nie.

Werke wat voor 1970 verskyn het

Theal, argivaris en later amptelike geskiedskrywer van die Kaapse koloniale regering,¹³ het 'n groot aantal werke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis gepubliseer, waarvan sommiges uiteindelik deel geword het van 'n reeks van elf bande wat 'n oorsig bied van die geskiedenis van Suid-Afrika tot 1884. Sy publikasie oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis voor 1505 het die eerste band van die reeks geword.¹⁴ Hierin skryf hy oor die San of Boesmans, die Khoikhoi en die Bantoesperekendes en gee veral aandag aan hulle leefwyse. Hy gebruik publikasies van kundiges op hierdie terrein, soos W Bleek en GW Stow, maar verwys ook na verslae van vroeë reisigers in Suid-Afrika. Theal beskou die San as die werklike inboorlinge van Suid-Afrika. Hy skryf dat die Bantoesperekendes Suider-Afrika vanaf die negende eeu binnegekom het en dat hulle migrasie na die verskillende dele van die land etlike eeue geduur het.¹⁵ Hy hou hom nie streng by 1505 as einddatum van die oorsig nie en handel in hierdie band oor ontwikkelinge wat tot in die agtiende eeu plaasgevind het. Sy werk is tans beslis verouderd, maar bly van belang as die enigste uitgebreide behandeling deur 'n historikus van die vroeë geskiedenis van Suid-Afrika wat in die tydperk voor 1970 gepubliseer is.¹⁶ 'n Latere

11 Van verskeie boeke het hersiene uitgawes verskyn, waarby daar dikwels veranderinge aan die afdeling oor die vroeë geskiedenis aangebring is. Daarom word steeds die laaste uitgawe van elke werk in oënskou geneem.

12 L Thompson, *A history of South Africa* (Johannesburg, Ball, 2001, third edition), p. xi.

13 K Smith, *The changing past; trends in South African historical writing* (Johannesburg, Southern, 1988), p. 34.

14 GM Theal, *History of South Africa*, Vol. 1 (London, Allen & Unwin, 1918). 'n Faksimilee-uitgawe van die reeks is in 1964 deur C Struik, Kaapstad, gepubliseer.

15 GM Theal, *History of South Africa*, Vol. 1, pp. 181-202.

16 Vergelyk J du Bruyn, "The 'forgotten factor' sixteen years later: Some trends in historical writing on precolonial South Africa", *Kleio*, 16, 1984, p. 35; C Saunders, *The making of the South African past; Major historians on race and class* (Cape Town, Philip, 1988), p. 21.

geskiedkundige, Leo Fouché, was redakteur van ‘n werk oor Mapungupwe, ‘n “ancient Bantu civilization on the Limpopo”, soos die titel lui,¹⁷ maar het nie self ‘n navorsingsbydrae tot hierdie studie gelewer nie.

In die meeste oorsigwerke wat voor 1970 verskyn het, word die vroeë geskiedenis van Suid-Afrika feitlik nie behandel nie. EA Walker was ‘n belangrike figuur in die liberale skool, ‘n groep historici wat heelwat meer aandag gegee het aan die rol van die San, Khoikhoi en swart mense in die geskiedenis van die land as vroeëre geskiedskrywers.¹⁸ In sy *A history of South Africa*, maak hy egter net enkele opmerkings oor die eerste mense uit Noord-Afrika en Asië wat moontlik die kusgebied van Suid-Afrika bereik het en verwys na die Zimbabwe-bouwerke, wat volgens hom waarskynlik nie deur Bantoesprekendes tot stand gebring is nie, voor hy die Portugese omseiling van die Kaap en die vestiging van die Nederlandse verversingspos behandel.¹⁹ L Marquard wy in sy beknopte oorsigwerk tog ‘n eerste hoofstuk, onder die opschrift “early invaders”, aan die vroeë geskiedenis van die San, Khoikhoi en Bantoesprekendes.²⁰

Werke wat na 1970 verskyn het – algemene oorsig

Ten opsigte van die latere werke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis voor 1650 kan ‘n onderskeid getref word tussen publikasies wat konsentreer op ‘n aspek of gedeelte van hierdie periode en geheeloorsigte van die vroeë geskiedenis.

Richard Elphick, ‘n Amerikaanse geskiedkundige wat tans verbonde is aan Wesleyan Universiteit (Middletown, Connecticut), is waarskynlik die eerste professionele historikus sedert Theal wat ‘n betekenisvolle wetenskaplike bydrae gelewer het oor die geskiedenis van ‘n groep inwoners van Suid-Afrika in die tydperk voor 1650. Sy proefskrif oor die verhouding tussen die Khoikhoi en die Europese koloniste in die westelike deel van die latere Kaapkolonie, is voltooi in 1972. Dit is in hersiene vorm gepubliseer in 1977 en, nogmaals

17 L Fouché (ed), *Mapungupwe; Ancient Bantu civilization on the Limpopo Reports on excavations at Mapungupwe (Northern Transvaal) from February 1933 to June 1935* (Cambridge, University Press, 1937).

18 K Smith, *The changing past...*, pp. 103-104, 121-131.

19 EA Walker, *A history of South Africa* (London, Longmans & Green, 1928). In ‘n latere uitgawe van die werk, wat verskyn het onder die titel *A history of Southern Africa* (London, Longmans & Green, 1957), is enkele bladsye oor die San, Khoikhoi en Bantoesprekende inwoners van die land ingevoeg.

20 L Marquard, *The story of South Africa* (London, Faber & Faber, 1955), pp. 15-27.

hersien, in 1985.²¹ Hy wy in die gepubliseerde werk vier hoofstukke, wat altesaam sowat 90 bladsye beslaan, aan die geskiedenis van die Khoikhoi voor die begin van die Europese kolonisasie. Sy boek is gedeeltelik gegrond op publikasies deur argeoloë, antropoloë en taalkundiges. Hy het ook verslae van Europeërs, wat hoofsaaklik eers na 1650 geskryf is, gebruik, maar hy maak op grond van die verslae afleidings oor ontwikkelinge wat verder terug in die verlede plaasgevind het. Oor die geskiedenis van die Bantoesprekende groepe het daar vanaf die laat sestigerjare 'n aantal studies verskyn deur wetenskaplike historici, soos Legassick, Peires, Bonner en Delius, maar hierdie werke bevat baie min inligting oor die tydperk voor 1650.²² Paul Maylam, tans professor in Geskiedenis aan Rhodes-universiteit (Grahamstad), is die eerste historikus (sedert Theal) wat 'n oorsig van die vroeë geskiedenis van die Bantoesprekende inwoners van die land en hul waarskynlike voorouers in enkele hoofstukke (ongeveer 40 bladsye in totaal) bied.²³ Anders as Elphick is sy boek slegs op gepubliseerde geskrifte gegrond. Hy gebruik veral publikasies van argeoloë maar daar is ook gebruik gemaak van werke van antropoloë en taalkundiges.

Die geheeloorsigte is almal slegs op gepubliseerde materiaal gegrond. Rodney Davenport, wat voorheen hoof van die Departement Geskiedenis aan Rhodes Universiteit was, is die eerste oorsigkrywer sedert Marquard wat 'n aantal bladsye wy aan die vroeë geskiedenis van Suid-Afrika. Sy werk, *South Africa; A modern history*, het in 1977 verskyn,²⁴ maar daarna het verskeie hersiene uitgawes die lig gesien. In die vyfde en nuutste uitgawe word slegs tien uit 'n totaal van meer as agthonderd bladsye aan die geskiedenis voor 1650 gewy.²⁵ Daarenteen verskaf HJ van Aswegen, vroeër verbonde aan die (destydse) Randse Afrikaanse Universiteit, in die eerste sowat 55 bladsye van sy boek oor die geskiedenis voor 1854 'n meer uitgebreide oorsig van die vroeë geskiedenis as wat in enige ander algemene werk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis voorkom.²⁶ Neil Parsons, tans verbonde aan die Universiteit van Botswana, se *A new history of Southern Africa* bevat ook 'n stewige afdeling oor die vroeë

21 R Elphick, *Khoikhoi and the founding of white South Africa* (Johannesburg, Ravan, 1985).

22 M Legassick, "The Sotho-Tswana peoples before 1800", L Thompson (ed), *African societies in Southern Africa* (London, Heinemann, 1969), pp. 86-125; JB Peires, *The house of Phalo; A history of the Xhosa people in the days of their independence* (Johannesburg, Ravan, 1981); P Bonner, *Kings, commoners and concessionaires; The evolution and dissolution of the nineteenth century Swazi state* (Johannesburg, Ravan, 1983); P Delius, *The land belongs to us; The Pedi polity, the Boers and the British in the nineteenth century Transvaal* (Johannesburg, Ravan, 1983).

23 P Maylam, *A history of the African people of South Africa: From the early iron age to the 1970s* (London, Croom Helm, 1986).

24 TRH Davenport, *South Africa; A modern history* (London, Macmillan, 1977).

25 R Davenport & C Saunders, *South Africa; A modern history* (London, Macmillan, 2000, fifth edition), pp. 3-13.

26 HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854* (Pretoria, Academica, 1989).

geskiedenis, maar soos die titel aandui, handel hy oor die hele Suider-Afrika.²⁷ Hy verwys ook na ontwikkelinge in die sentrale dele van die vasteland, en plaas daarvan die geskiedenis van Suid-Afrika in ‘n breër konteks. JD Omer-Cooper, wat veral bekend geraak het vir sy werk oor die Mfecane,²⁸ handel ook oor die geskiedenis van die hele Suider-Afrika, maar sy oorsig oor die vroeë geskiedenis is heelwat beknopter as dié van Parsons.²⁹

Sedert 2001 het daar vier oorsigwerke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis verskyn wat almal net ‘n afdeling van dertig bladsye of minder oor die tydperk voor 1650 bevat. Drie van hulle is van die hand van ‘n enkele skrywer, naamlik die boeke van Leonard Thompson, wat onder meer verbondes was aan Yale Universiteit, Charles Feinstein, wat professor in Ekonomiese Geskiedenis aan die Universiteit van Oxford was, en Robert Ross van die Universiteit van Leiden.³⁰ Die resente versamelwerk *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*, wat onder redaksie van Hermann Giliomee en Bernard Mbenga verskyn het, bevat drie kort afdelings deur vakhistorici oor aspekte van die vroeë geskiedenis.³¹

Algemene werke oor die geskiedenis van Afrika bevat slegs baie kort afdelings oor die vroeë Suid-Afrika. ‘n Uitsondering is die omvattende versamelwerk *General history of Africa*, uitgegee deur Unesco,³² waarin daar twee hoofstukke van die hand van vakhistorici oor die geskiedenis van Suid-Afrika voor 1650 verskyn.³³

Die skrywers se indeling van die geskiedenis voor 1650 verskil van mekaar. In sommige werke word die terme vroeë, middel- en laat steentyd en vroeë en laat ysterdyd gebruik. Thompson wys daarop dat hierdie begrippe aanvanklik deur argeoloë wat Europa as studieveld gehad het gebruik is. Die begrippe is verwarrend aangesien hulle nie net na tydperke verwys nie maar ook na

27 N Parsons, *A new history of Southern Africa* (London, Macmillan, 1993, second edition).

28 JD Omer-Cooper, *The Zulu aftermath; A nineteenth century revolution in Bantu Africa* (London, Longman, 1966).

29 JD Omer-Cooper, *History of Southern Africa* (London, Currey, 1994, second edition), pp. 1-16.

30 L Thompson, *A history of South Africa*; CH Feinstein, *An economic history of South Africa; Conquest, discrimination and development* (Cambridge, University Press, 2005); R Ross, *A concise history of South Africa* (Cambridge, University Press, 2008, second edition).

31 H Giliomee & B Mbenga (eds), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, Tafelberg, 2007). Die drie historici is Sandra Swart van die Universiteit van Stellenbosch, Richard Elphick, na wie reeds hierbo verwys is, en Andrew Manson, verbondes aan Noordwes-Universiteit.

32 Die akroniem van United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization.

33 LD Ngcongo & J Vansina, “Southern Africa; Its peoples and social structures”, DT Niane (ed), *General history of Africa*, Vol. 4, *Africa from the twelfth to the sixteenth century* (Paris, Unesco, 1984), pp. 578-596; D Denoon, “Dependence and interdependence: Southern Africa from 1500 to 1800”, BA Ogot (ed), *General history of Africa*, Vol. 5, *Africa from the sixteenth to the eighteenth century* (Paris, Unesco, 1992), pp. 683-702.

leefstyle, in besonder die gebruik van klip- en ysterwerktuie. In Suid-Afrika, soos in baie ander lande, het mense wat slegs klipwerktuie gebruik het en dié wat ook yster bewerk en gebruik het, soms naas mekaar in dieselfde periode geleef.³⁴ Terwyl Ngcongco, Maylam, Van Aswegen, Denoon, Parsons en Omer-Cooper die terme gebruik om tydperke van mekaar te onderskei, vermy Elphick, Thompson, Feinstein en Ross hierdie begrippe. In enkele van die werke is daar 'n hoofstuk of afdeling oor die heel vroegste inwoners van die land en in verskillende oorsigwerke is daar afdelings oor die San, die Khoikhoi (of soms gesamentlik oor die Khoisan, 'n oorkoepelende term wat albei groepe insluit) en die Bantoesprekendes, waarby daar soms weer aparte onderafdelings is oor die Nguni, die Sotho en ander groepe. In die meeste werke word aandag gegee aan vroeë ekonomiese, sosiale en politieke organisasievorme en soms ook aan aspekte soos tegniese vaardighede en kuns- en godsdiensbeoefening.

Die vroegste geskiedenis

In slegs twee werke word daar meer as 'n enkele paragraaf aan die heel vroegste geskiedenis van Suid-Afrika gewy. Van Aswegen gaan in sy oorsig van twaalf bladsye terug tot sover as 14 miljoen jaar gelede,³⁵ toe die Ramapithecus, wat gereken word tot die mensfamilie of Hominidae, moontlik reeds in Suid-Afrika voorgekom het. Hierdie eerste primitiewe mense (of aapmense, soos Van Aswegen na hulle verwys) het teen 2,5 tot 3 miljoen jaar gelede plek gemaak gemaak vir die hoër ontwikkelde Australopithecus. Vir die oopsny van sy prooi het hy klippe as werktuie gebruik, maar moontlik nog nie self klipwerktuie vervaardig nie. Teen 1,5 miljoen jaar gelede het die Homo Habilis in Suid-Afrika voorgekom, wat self klipwerktuie gevorm het. Tussen 'n miljoen en 700 000 jaar gelede was daar die Homo Erectus wat klipwerktuie van 'n hoër kwaliteit en ook houtwerktuie kon vervaardig. In die tydperk van ongeveer 120 000 tot 40 000 jaar gelede was Suid-Afrika waarskynlik digter bevolk as in die vroeëre periode deur mense wat vure kon maak en dalk taal as kommunikasiemiddel ontwikkel het. Dit is, volgens Van Aswegen, moontlik, maar nie seker nie, dat hierdie mense die voorouers van die latere

³⁴ L Thompson, *A history of South Africa*, p. 5.

³⁵ Van Aswegen verwys na die periode tot sowat 40 000 jaar gelede as die prehistoriese tydperk, hoewel hy verklaar dat daar nie 'n duidelike grens tussen die prehistoriese en historiese tydperke getrek kan word nie (HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika...*, p. 21). In hierdie artikel word die term vroegste geskiedenis gebruik om die vroegste periode toe daar moontlik mense op aarde was aan te du, ook al strek dit oor miljoene jare.

Khoisan en Bantoetaalsprekers was. Vanaf sowat 40 000 jaar gelede het die bevolkingsgetalle verder toegeneem en het mense wat beslis as die voorouers van die Khoisan en die Bantoesprekendes beskou kan word ‘n jagters- en versamelaarsbestaan in die land gevoer. Hulle het die kuns bemeester om klipwerktuie van hoë kwaliteit en ook kleipotte te vervaardig.³⁶

Swart bied ‘n kort oorsig wat wyer strek as ontwikkelinge in Suid-Afrika. Haar weergawe kom net gedeeltelik ooreen met dié van Van Aswegen. Volgens haar was daar waarskynlik vyf mensspesies wat (hoofsaaklik) opeenvolgend in Suid-Afrika gewoon het: Australopithecus (4 tot 1,5 miljoen jaar gelede); Homo Habilis (2,2 tot 1,8 miljoen jaar gelede), en die eerste mense wat werktuie vervaardig het; Homo Ergaster of Homo Erectus (1,8 miljoen tot 500, 000 jaar gelede); Homo Sapiens (500, 000 tot 100, 000 jaar gelede); en Homo Sapiens Sapiens (waarvan die eerstes tussen 150 000 en 100 000 jaar gelede geleef het), wat waarskynlik in Afrika ontstaan en daarvandaan oor die wêreld versprei en vroeëre spesies verdring het.³⁷

Dit blyk dat daar maar baie min bekend is oor die vroegste geskiedenis en dat daar oor vraagstukke soos watter spesies as die eerste mense beskou moet word geen algemene eenstemmigheid bestaan nie. Die twee historici het die navorsingsresultate van paleontoloë, fisiese antropoloë en argeoloë kortlik probeer saamvat. Dit lyk waarskynlik dat ons kennis oor die vroegste ontwikkeling van mense in Suid-Afrika nog baie sal toeneem en dat dit tot aansienlike veranderinge kan lei in die beeld wat toekomstige historici van hierdie ontwikkeling sal gee.

Die oorsprong van die San, die Khoikhoi en die Bantoesprekendes

In al die werke word die San of Boesmans as afstammelinge van die mense wat reeds sowat 40 000 jaar gelede in Suid-Afrika gewoon het, beskou.³⁸ Daar word meesal aanvaar dat hierdie mense, wat ‘n jagters- en versamelaarsleefwyse gevolg het, oor ‘n baie groter gebied as Suid-Afrika versprei was. Elphick toon aan dat die navorsing van taalkundiges en fisiese antropoloë daarop duï dat die Khoikhoi en die San ‘n gemeenskaplike oorsprong het. Die eerste

36 HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika...*, pp. 9-21.

37 S Swart, “Vroeë mense”, H Giliomee & B Mbenga (reds), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 6-12.

38 HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika...*, p. 24; N Parsons, *A new history of Southern Africa*, p. 5; JD Omer-Cooper, *History of Southern Africa*, p. 3; R Davenport & C Saunders, *South Africa; A modern history*, p. 6; L Thompson, *A history of South Africa*, p. 6.

Khoikhoi was 'n jagtersgroep wat, reeds sowat 2000 jaar gelede, in die gebied wat tans die noordelike deel van Botswana vorm, veebesitters geword het, moontlik deur aanraking met ander veebesittergroepe. Hulle het daarna suidwaarts getrek.³⁹ In die oostelike dele van Suid-Afrika is hulle waarskynlik deur Bantoespreekende groepe weswaarts gedryf, na die halfwoestyngebiede van suidelike Afrika, maar ook na die waterryke Wes-Kaap, waar teen 1650 'n aantal welvarende stamme gevestig was. Hy beklemtoon dit dat hierdie rekonstruksie van die Khoikhoi se vroeë geskiedenis in 'n belangrike mate spekulatief is.⁴⁰ Van Aswegen, Omer-Cooper en Parsons sluit by hierdie beskouing aan. Daar is volgens Van Aswegen geen bewyse dat hulle ooit in die gebied wat later bekend geword het as Transvaal gevestig was nie.⁴¹ Daarenteen skryf Omer-Cooper dat daar gegewens is wat daarop dui dat die Khoikhoi na (die latere) Noord-Transvaal en Natal versprei het.⁴²

Wat die Bantoesperekendes betref, verwerp die meeste skrywers vroeëre beskouinge, soos onder meer deur Theal gehuldig, dat hulle voorouers in grootskaalse migrasies na Suid-Afrika verhuis het. Die feit dat tale wat behoort tot die groter Bantoetaalfamilie ook in Sentraal- en Oos-Afrika gepraat word en dat hierdie tale deel vorm van 'n nog groter taalgroep, die Niger-Kongotale, dui daarop dat mense wat hierdie tale gepraat het wel na Suid-Afrika gekom het. Hulle was waarskynlik minderheidsgroepe en sommige van die mense wat toe reeds in die land gewoon het, het hierdie tale en moontlik ook die kundigheid om landbou te beoefen van die Bantoetaalsprekers oorgeneem.⁴³ Maylam meen dat dit nie seker is dat die landbouers wat in die periode tot 1000 A.D. in Suid-Afrika geleef het reeds Bantoetale gepraat het nie, maar Van Aswegen, Omer-Cooper en Ross skryf dat die eerste landbouers wat teen die derde eeu A.D. in Suid-Afrika gewoon het waarskynlik reeds sprekers van Bantoetale was.⁴⁴

39 R Elphick, *Khoikhoi...*, pp. 9-10. Volgens Parsons, Thompson en Ross het die eerste Khoikhoi-veebesitters waarskynlik reeds sowat 2500 jaar gelede vanuit die noorde Suid-Afrika binnegekom; N Parsons, *A new history of Southern Africa*, p. 12; L Thompson, *A history of South Africa*, p. 11; R Ross, *A concise history of South Africa*, p. 7.

40 R Elphick, *Khoikhoi...*, p. 22.

41 HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika...*, pp. 29-30.

42 JD Omer-Cooper, *History of Southern Africa*, p. 5.

43 R Davenport & C Saunders, *South Africa: A modern history*, p. 9; L Thompson, *A history of South Africa*, p. 12.

44 P Maylam, *A history of the African people...*, pp. 2-9; HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 42; JD Omer-Cooper, *History of Southern Africa*, p. 7; R Ross, *A concise history of South Africa*, p. 7. LD Ngcongo & J Vansina, "Southern Africa: Its peoples and social structures", DT Niane (ed), *General history of Africa*, Vol. 4, *Africa from the twelfth to the sixteenth centuries*, p. 582, beklemtoon dit dat daar geen argeologiese data bestaan wat aandui wanneer die eerste Bantoesperekendes Suid-Afrika binnegekom het nie.

Daar word wel aanvaar dat die voorouers van die huidige Bantoesprekendes fisies verskil het van die San en negroëdekenmerke gehad het, maar daar is geneties groot ooreenkoms tussen die Khoisan en die Bantoesprekendes. Volgens Parsons kan die “Khoisanoid peoples” in die graslande van Oos- en Suider-Afrika byna “yellow Negroes” genoem word, terwyl die “Negroid peoples” in die woude van Wes-Afrika feitlik as “black Khoisan” bestempel kan word.⁴⁵ Hy meen dat die swart mense van Wes-Afrika van Khoisanmense wat na hierdie gebiede gemigreer het afstam en dat hierdie swart mense tussen 4000 en 3000 v.C. oor Sentraal-, Oos- en Suid-Afrika versprei het. Hulle het waarskynlik vinniger in getalle toegeneem as die Khoisan, wat reeds daar gewoon het, en het hulle deels verdring.⁴⁶

Parsons skryf dat twee groepe Bantoesprekende landbouers vanaf die derde eeu suidwaarts beweeg het na die gebied suid van die Limpopo. Een groep, wat tale gepraat het wat tot die oostelike Bantoetaalgroep behoort, het Suid-Afrika vanaf die huidige Kenia en Mosambiek binnegekom. ‘n Ander groep het oor die Zambezi en deur Botswana na Transvaal en Natal beweeg. Hulle het Bantoetale van die westelike subgroep gepraat, wat vandag nie meer in Suid-Afrika voorkom nie.⁴⁷ Davenport en Saunders staan krities teenoor hierdie teorie omdat dit die migrasie van ‘n redelike groot aantal Bantoetaalsprekers impliseer. Dit word nie deur argeologiese en taalkundige gegewens gestaaf nie.⁴⁸

Hoewel geen van die skrywers dit spesifiek so stel nie, dui teorieë oor fisiese differensiasie tussen Khoisan- en swart groepe daarop dat daar tog ‘n tyd was waar Suid-Afrika slegs deur die San bevolk was en dat swart mense later, al is dit ook al etlike duisende jare gelede, die land binnegedring het. Die beskouing dat die eerste Bantoesprekendes minderheidsgroepe was wat ander swart inwoners onderwerp het en dat hul tale deur hierdie mense oorgeneem is, is in ooreenstemming met die wyse waarop baie tale in die wêrelde versprei

⁴⁵ N Parsons, *A new history of Southern Africa*, p. 7.

⁴⁶ N Parsons, *A new history of Southern Africa*, p. 7; vergelyk HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika...*, p. 23, en R Davenport & C Saunders, *South Africa; A modern history*, p. 4. Hierdie beskouing impliseer tog dat die eerste swart mense vanaf ander dele van Afrika na Suid-Afrika gekom het. Hoewel geen van die skrywers dit direk so stel nie, kan hieruit afgelui word dat, omdat Suid-Afrika toe waarskynlik dun bevolk was, klein groepies swart immigrante wat relatief vinnig vermoeerde het, die vernaamste voorouers van die huidige Bantoesprekende inwoners van Suid-Afrika was.

⁴⁷ N Parsons, *A new history of Southern Africa*, pp. 14-21.

⁴⁸ R Davenport & C Saunders, *South Africa; A modern history*, p. 9.

het.⁴⁹ Dit laat egter die vraag ontstaan watter tale die vroegste swart bewoners van die land gepraat het.⁵⁰ Hierdie kwessie en ander moontlike vrae wat ten opsigte van die oorsprong van die San, die Khoikhoi en die Bantoesprekendes na vore kom, word nie deur een van die historici bespreek nie. ‘n Mens sou hieruit kon aflei dat die historici hulle nie bevoeg gevoel het of dit nie raadsaam gevind het om moontlike probleme wat hulle by die bestudering van die werk van argeoloë en ander wetenskaplikes geïdentifiseer het uit te lig en kommentaar daarop te lewer nie.

Verhoudinge tussen San, Khoikhoi en Bantoesprekendes voor 1650

Elphick skryf dat die wyd aanvaarde beskouing, ook onder wetenskaplikes, dat die San en die Khoikhoi aparte groepe was, eintlik net geld vir die aanvanklike periode toe die Khoikhoi gebiede binnegedring het wat deur die San of jagtersgroepe bewoon is.⁵¹ Waarskynlik het die Khoikhoi Sangroepies in hulle stamme opgeneem, waar hulle soms ‘n onderhorige status gehad het.⁵² Khoikhoi wat hul vee verloor het, het meesal ‘n jagtersleefwyse aangeneem.⁵³ Sommige jagtersgroepe in die Wes-Kaap het Khoikhoitale gepraat as gevolg van die invloed wat die Khoikhoi op die jagtersgroepies uitgeoefen het, maar in sekere gevalle omdat hulle afstammelinge van Khoikhoi was. Teen 1650 het die grense tussen Khoikhoi en San in die Wes-Kaap grotendeels

49 ‘n Bekende voorbeeld is die verspreiding van die Indo-Europese tale. Tale wat behoort aan hierdie taalfamilie word tans deur die oorgrote meerderheid mense van Europa gebruik. Taalkundiges meen dat hierdie tale almal spruit uit ‘n taal wat waarskynlik sowat 6000 tot 4000 jaar gelede in ‘n beperkte gebied, moontlik buite Europa, gepraat is. Die Italiese, Keltiese, Germanse en Slawiese stamme wat tot sowat 1500 jaar gelede oor Europa versprei het, het tale wat tot die Indo-Europese familie behoort gepraat en die mense wat toe reeds in Europa gewoon het grotendeels onderwerp en geabsorbeer. Behalwe vir enkele tale, veral Baskies, wat nog in ‘n klein deel van Spanje en Frankryk gepraat word, het die tale wat voor die koms van die sprekers van Indo-Europese tale in Europa gebruik is, verdwyn. Vergelyk JP Mallory, *In search of the Indo-Europeans* (London, Thames & Hudson, 1989), pp. 143-185.

50 Volgens die taalkundige C Ehret, *An African classical age; Eastern and southern Africa in world history, 100 B.C. to A.D. 400* (Charlottesville, University Press of Virginia, 1998), pp. 212-227, het die eerste Bantoesprekendes, wat Suid-Arika in die eerste millennium binnegekom het, Sala-Shonatale gepraat. Hierdie tale is later deur die Nguni- en Sothotale verdring. Uit sy bespreking blyk dit dat hy aanvaar dat die land voor hierdie periode hoofsaaklik deur sprekers van Khoisantale bewoon is.

51 R Elphick, *Khoikhoi...*, p. 41.

52 R Elphick, *Khoikhoi...*, p. 35. Vergelyk D Denoon, “Dependence and interdependence: Southern Africa from 1500 to 1800”, BA Ogot (ed), *General history of Africa*, Vol. 5, *Africa from the sixteenth to the eighteenth century* (Paris, Unesco, 1992), p. 687.

53 J Parkington & S Hall, “The appearance of food production in Southern Africa 1000 to 2000 years ago”, C Hamilton, B Mbenga & R Ross (eds), *The Cambridge history of South Africa*, Vol. 1, *From early times to 1885*, p. 102, skryf dat Khoikhoi wat hul skape verloor het maklik vee van familieledle konleen om weer ‘n veestapel te begin. Hulle verwerp Elphick se gevolgtrekking dat sommige Khoikhoi heeltemal teruggeval het op ‘n jagtersbestaan. Vergelyk ook die kommentaar van L Thompson, *A history of South Africa*, p. 11.

vervaag.⁵⁴ Maylam skryf dat daar kontak tusssen die San- en Bantoesperekende gemeenskappe oor ‘n tydperk van eeu was wat met ekonomiese en kulturele uitwisseling gepaard gegaan het. Dit het waarskynlik onder meer tot die aanwesigheid van klapklanke in die Nguni-gebied gelei.⁵⁵ Van Aswegen wys daarop dat die San met hul jagters- en versamelaarsleefwyse op ‘n laervlak van ekonomiese ontwikkeling as die Khoikhoi en die Bantoesperekendes was en dat hulle sosiale struktuur ook minder ontwikkeld as dié van die ander twee groepe was. Dit het hulle kwesbaar gemaak in die kontak met die Khoikhoi en die Bantoesperekendes, met wie hulle eeu lank in ‘n bestaanstryd gewikkeld was. Teen 1650 was die San oral oor die land versprei, maar hulle is toe reeds grotendeels deur die Khoikhoi en die Bantoesperekendes uit die vrugbaarste dele van die land verdryf.⁵⁶ Sommige Sangroepies is in Bantoesperekende gemeenskappe opgeneem, waar hulle soms ‘n baie lae status gehad het en byna soos slawe behandel is.⁵⁷

Volgens Maylam, Van Aswegen en Parsons het Bantoesperekendes waarskynlik teen die sesde eeu na die gebied wat later bekend sou word as die Transkei versprei. Daar het toe reeds Khoikhoistamme gewoon. Sommige Ngunigroepe het onder die gesag van Khoikhoikapteins gekom, maar oor die algemeen was die Nguni, wat waarskynlik vinniger vermeerder het as die Khoikhoi, die dominante groep. Die Khoikhoi in hierdie gebied het hulle aparte identiteit geleidelik verloor.⁵⁸

Soos Van Aswegen aandui, is die gegewens oor die verhouding tussen die Khoikhoi en die San baie beperk.⁵⁹ Dit geld sekerlik ook vir die verhouding van hierdie twee groepe met die Bantoesperekendes. Die algemene patroon van die verhoudinge word deur die meeste skrywers aangedui. Daar was vreedsame kontak, wat tot handel en kultuuruitwisseling gelei het, maar ook konflik waarby die San deur sowel die Khoikhoi as die Bantoesperekendes deels verdryf en deels onderwerp en geabsorbeer is. Die Khoikhoi is deur Bantoesperekende

54 R Elphick, *Khoikhoi...*, p. 30. Vergelyk LD Ncongo & J Vansina, “Southern Africa; Its peoples and social structures”, DT Niane (ed), *General history of Africa*, Vol. 4, *Africa from the twelfth to the sixteenth centuries*, p. 595.

55 P Maylam, *A history of the African people...*, p. 14.

56 HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika...*, pp. 25, 28, 32-34; vergelyk N Parsons, *A new history of Southern Africa*, pp. 36-37; JD Omer-Cooper, *History of Southern Africa*, p. 16.

57 HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika...*, p. 73; vergelyk L Thompson, *A history of South Africa*, pp. 28-29.

58 P Maylam, *A history of the African people...*, p. 35; HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika...*, pp. 64-65; N Parsons, *A history of Southern Africa*, pp. 37-38; D Denoon, “Dependence and interdependence: Southern Africa from 1500 to 1800”, BA Ogut (ed), *General history of Africa*, Vol. 5, *Africa from the sixteenth to the eighteenth century*, p. 688.

59 HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika...*, p. 32.

groepe onderwerp en in hulle samelewingsstrukture opgeneem.⁶⁰

Kontinuïteit en verandering in vroeë samelewingsstrukture

Feitlik elk van die werke onder bespreking bevat 'n kort oorsig van die ekonomiese, sosiale en kulturele kenmerke van 'n tipiese Sangemeenskap, soos dit waarskynlik in die sewentiende eeu en vroeër daaruit gesien het. Slegs enkele skrywers wys daarop dat aanraking met Khoikhoi- en Bantoesprekende groepe 'n invloed op die San gehad het. Sommige Sangroepe het elemente van die herders- en die landbouersleefwyse oorgeneem, maar dit het waarskynlik meesal daarmee saamgegaan dat hulle gedeeltelik by Khoikhoi- of Bantoesprekende samelewings ingeskakel is.⁶¹

Daar kom in die meeste geskrifte ook kort beskrywings van die struktuur van Khoikhoigemeenskappe voor. Elphick en Omer-Cooper dui aan dat dit dikwels gebeur het dat, as die aantal lede van 'n Khoikhoistam uitgebrei het of 'n stamhoof oorlede is, die stam in kleiner eenhede opgebreek het. Soms het kleiner stamme weer met mekaar saamgesmelt. Al hierdie stamme het meesal 'n selfstandige bestaan gevoer.⁶² Kontak met die Bantoesprekendes het nie daartoe gelei dat die Khoikhoi landbouers geword het nie. Feinstein skryf dit veral daaraan toe dat die Khoikhoi grotendeels in winterreënvalgebiede gewoon het wat nie geskik was vir die plant van die graansoorte wat die Bantoesprekendes gebruik het nie.⁶³ Die Khoikhoi was volgens Elphick ook betrokke by handelsnetwerke wat tot diep in die binneland gestrek het, maar hy wys daarop dat dit nie gelei het tot fundamentele veranderings in hul leefwyse nie. Daar was byvoorbeeld nie Khoikhoi wat hulle voltyds op die handel toegespits het nie en 'n handeklas het nie ontstaan nie.⁶⁴ Elphick toon verder aan dat die Khoikhoi van die kusgebiede vanaf die sestienteende eeu al meer met Europeërs in aanraking gekom. Dit het onder andere daartoe gelei dat hulle yster bekom het wat hulle vir hul wapens aangewend het. Europese invloed

60 D Denoon, "Dependence and interdependence: Southern Africa from 1500 to 1800", BA Ogot (ed), *General history of Africa*, Vol. 5, *Africa from the sixteenth to the eighteenth century*, p. 693, skryf dat interaksie tussen die Bantoesprekendes en die Khoikhoi oor die algemeen nie daartoe gelei het dat die Khoikhoi hul aparte identiteit verloor het nie. Daar bestaan nie volkome eenstemmigheid oor watter gebiede in Suid-Afrika almal eens deur Khoikhoi bewoon is nie. Geen skrywer duis egter aan dat daar in die dele van Suid-Afrika waar die Bantoesprekendes hul gevëstig het uiteindelik nog selfstandige Khoikhoistamme bestaan het nie.

61 Vergelyk HJ van Aswegen, *Geschiedenis van Suid-Afrika*, p. 28; JD Omer-Cooper, *History of Southern Africa*, p. 4.

62 R Elphick, *Khoikhoi...*, pp. 45, 58; JD Omer-Cooper, *History of Southern Africa*, p. 7.

63 CH Feinstein, *An economic history of South Africa...*, p. 15.

64 R Elphick, *Khoikhoi...*, p. 67.

het waarskynlik ook geleid tot die ontstaan van die Strandlopergemeenskap in die omgewing van Tafelbaai, wat gedeeltelik afhanklik was van produkte wat hulle by Europese besoekers gekry het.⁶⁵

Die ekonomiese, sosiale en kulturele kenmerke van die Bantoespreekende samelewings word deur byna al die historici bespreek. Thompson en Feinstein dui aan dat daar ontwikkeling was wat landboubeoefening betref en dat produktiwiteit geleidelik toegeneem het, onder meer deur verbetering van landboumetodes. Tog het die opbrengs relatief laag gebly en was daar dus baie min moontlikhede vir arbeidspesialisasie. Groot landbou-opbrengste in ou Egipte was immers ‘n belangrike faktor in die ontstaan van arbeidspesialisasie, wat weer geleid het tot hoër beskawingsontwikkeling. Feinstein meen dat, omdat daar genoeg vrugbare grond beskikbaar was, dit maklik was vir politieke eenhede om te fragmenteer, sodat daar teen 1650 moontlik meer as ‘n duisend klein onafhanklike etniese groepe onder die Bantoespreekendes bestaan het. Groter ekonomiese groei kon moeilik bereik word sonder groter politieke eenhede. Daar is wel handel gedryf, maar in baie beperkte mate en net in enkele produkte soos metaalgoedere, sout en tabak. Omdat daar nooit ‘n groot vraag in die omliggende gebiede was na ‘n bepaalde produk nie, is produksie nie op sulke goedere toegespits nie, en het dit nie tot groot veranderinge in die ekonomiese stelsels van die Bantoespreekende groepe geleid nie.⁶⁶

Oor die ontwikkeling van die Bantoespreekendes se politieke stelsels is daar heelwat geskryf. Feinstein, en ook die ander skrywers, dui aan dat die Bantoespreekendes, soos die Khoikhoi, in ‘n groot aantal politieke eenhede verdeel was en dat groter stamme dikwels in kleiner eenhede opgebreek het. Daar het reeds vanaf die elfde eeu groter politieke eenhede in die gebied noord van die Limpopo ontstaan, en onder invloed daarvan het nedersettings soos Mapungupwe, in die noorde van Suid-Afrika, ontwikkel. Van Aswegen gee meer aandag aan die ontwikkeling van Mapungupwe as die ander historici. Volgens hom het Shonasprekende mense van oor die Limpopo gekom en ‘n heersersklas in die Mangupwegebied gevorm. Landbou en veeteelt, maar ook die vervaardiging van yster- en koperwerkstuie en handel het ‘n belangrike rol in die bestaan van hierdie nedersetting gespeel.⁶⁷ Dit blyk uit al die

65 R Elphick, *Khoikhoi...*, pp. 64, 84.

66 L Thompson, *A history of South Africa*, pp. 19-21; CH Feinstein, *An economic history of South Africa...*, pp. 19-20.

67 HJ van Aswegen, *Geschiedenis van Suid-Afrika....*, pp. 45-47; vergelyk R Ross, *A concise history of South Africa*, pp. 15-16.

geskiedwerke dat daar na die verval van Mapungupwe in die vyftiende eeu nie veel sprake was van groot politieke eenhede in Suid-Afrika tot na 1650 nie. Die skrywers bespreek feitlik almal die faktore wat tot die ontstaan van groot koninkryke onder die Bantoesprekendes van Suid-Afrika geleid het, en wys daarop dat hulle ontwikkel het uit kleiner eenhede wat al voor 1650 bestaan het. Die vorming van hierdie politieke eenhede vorm egter deel van die latere geskiedenis van Suid-Afrika.

Thompson beklemtoon dit dat die struktuur van Bantoesprekende gemeenskappe nie as staties gesien moet word nie. Die Bantoesprekende groepe het in die loop van etlike eeue oor 'n groot deel van Suid-Afrika uitgebrei. Hul samelewings het daarom besondere kenmerke gehad wat eie is aan wat hy noem 'n "frontier society", dus 'n samelewing wat gevinstig is in 'n steeds verskuiwende grensgebied. Al meer nuwe ekonomiese en politieke eenhede het tot stand gekom, en dit is moontlik gemaak deur die beskikbaarheid van vrugbare grond wat net gedeeltelik bewoon is deur veeherders- en jagters- en versamelaarsgroepe.⁶⁸ Manson skryf dat die uitbreidingsproses gepaard gegaan het met die onderwerping en absorbering van ander groepe, maar ook met al meer differensiasie binne Bantoesprekende gemeenskappe waarby stamhoofde se gesag oor ander lede van die stam versterk is. Drie sosiale kategorieë het ontwikkel, naamlik hoofmanne, gewone stamlede en kliënte of onderhoriges.⁶⁹

Dit blyk dat die historici hoofsaaklik net die kenmerke van die sosiale, ekonomiese en politieke strukture onder die San, Khoikhoi en Bantoesprekendes beskryf het op grond van die studies van antropoloë. Slegs enkeles probeer aandui waarom die ekonomiese stelsels voor 1650 grotendeels konstant gebly het en waarom daar geen ingrypende veranderinge in hierdie oopsig plaasgevind het nie. Die meeste skrywers behandel die ontwikkeling van die politieke eenhede onder die Bantoesprekendes as deel van 'n veranderingsproses wat tot in die negentiende eeu strek.

68 L Thompson, *A history of South Africa*, p. 30.

69 A Manson, "Die ontstaan van swart politieke gemeenskappe", H Giliomee & B Mbenga (reds), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 33-39. Volgens Manson was kliënte meesal mense wat hul grond of vee verloor en vir 'n stamhoof of ander ryk stamlid gewerk het. Dit was gewoonlik 'n tydelike reëling, omdat kliënte weer vee kon versamel en selfstandig word. Veral onder die Tswana het sommige mense tog in 'n permanente staat van onderhorigheid van knegskap verval.

Aansluiting by latere geskiedenis

Die afdelings oor die vroeë geskiedenis in die publikasies wat hierbo in oënskou geneem is (met die uitsondering van die hoofstukke in die *General history of Africa*) vorm almal die eerste gedeelte van 'n werk wat handel oor 'n langer tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Elphick se oogmerk was, soos die titel van sy boek aandui, om die invloed van die vestiging van 'n Europese kolonie aan die Kaap op die Khoikhoibevolking te ondersoek. Hierdie oogmerk kon hy uiteraard slegs bereik deur 'n duidelike beeld van die Khoikhoi en hul geskiedenis voor 1652 te verskaf en dan aan te dui hoe die komste van die blankes die verdere ontwikkeling van die Khoikhoi beïnvloed het. Sy boek vorm 'n goed geïntegreerde geheel en die latere hoofstukke sluit direk by die eerstes aan. Ook Maylam, wat 'n oorsig van die geskiedenis van die swart mense ("African people") van Suid-Afrika wil verskaf, se boek vorm 'n samehangende geheel waarin die ontwikkelinge wat in die eerste hoofstukke aangetoon word deurgetrek word na die latere hoofstukke.

In die geval van die agt oorsigwerke van die Suid-Afrikaanse geskiedenis hang die verband tussen die vroeë en latere geskiedenis nou saam met die algemene indeling van elke boek.⁷⁰ Die werke van Parsons, Davenport & Saunders en Giliomée & Mbenga is elk verdeel in drie of vier hoofafdelings. Parsons se eerste hoofafdeling, getiteld "the peopling of South Africa", sluit die vroeë geskiedenis, maar ook die Europese kolonisasie en die Mfecane in. Daarna is daar hoofafdelings met die titels "conquest and resistance", wat handel oor die tydperk 1800 tot 1906, en "colonialism and independence", waarin die twintigste-eeuse ontwikkelinge behandel word.⁷¹ Uit hierdie indeling blyk reeds dat Parsons die stryd tussen die inheemse bevolking en die Westerse koloniseerders as vernaamste tema in die geskiedenis van Suid-Afrika uitlig. Die hele geskiedenis voor 1800 vorm vir hom die voor spel tot hierdie konflik. Hierdie geheelperspektief op die Suid-Afrikaanse geskiedenis bring mee dat hy die vroeë geskiedenis nie slegs as 'n inleiding beskou nie, maar as deel van 'n reeks ontwikkelinge waardeur 'n aantal verskillende groepe in Suid-Afrika gevëstig is wat veral in die twee eeue vanaf 1800 met mekaar in konflik sou kom. Hy gee dan ook meer aandag aan die vroeë geskiedenis as die meeste ander skrywers. Sy hoofoogmerk is tog om insig in die ontwikkelinge van die afgeloepen twee eeue te bekom. Sy boek gee sy eie besondere geheelbeskouing

⁷⁰ Die algemene indeling van 'n oorsig vorm dikwels ook 'n periodisering van die geskiedenis. Die kwessie word bespreek in P de Klerk, "Die periodisering van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in resente oorsigwerke", *Historia*, 56, 1, 2011, pp. 138-152.

⁷¹ N Parsons, *A new history of Southern Africa*, p. iii.

van die geskiedenis weer, wat geensins as die algemeen aanvaarde interpretasie beskou kan word nie, maar hierdie interpretasie bring mee dat die gedeelte oor die vroeë geskiedenis goed by die groter geheel ingeskakel is. Davenport en Saunders se indeling kom in belangrike mate met dié van Parsons ooreen. Daar is drie hoofafdelings, “the prelude to white domination”, wat strek oor die hele periode tot 1910, “the consolidation of a white state”, oor die periode 1910-1990 en “challenge and response”, oor die dekade 1990-2000.⁷² Die eerste hoofafdeling is weer in kleiner afdelings en hoofstukke verdeel. Die kort oorsig oor die vroeë geskiedenis vorm slegs ‘n gedeelte van die eerste hoofstuk, getiteld “from the dawn of history to the time of troubles”,⁷³ wat handel oor ontwikkelinge tot in die vroeë negentiende eeu. Die vroeë geskiedenis word dus geensins van die latere geskiedenis geskei nie, maar behandel as ‘n klein onderdeel van die hele geskiedenis. Davenport en Saunders identifiseer die agtergrond tot en vestiging van blanke beheer asook die kenmerke en beeindiging as hooftema van die geskiedenis. Die vroeë geskiedenis van Suid-Afrika is wel goed geïntegreer in die geheel, maar vorm so ‘n klein onderdeel daarvan dat die indruk geskep word dat dit ‘n minder belangrike deel van die geskiedenis is wat net kortlik behandel moet word om duideliker perspektief op die geskiedenis van die afgelope paar eeue te verkry.

In Giliomee en Mbenga se oorsigwerk word die vroeë geskiedenis ook net baie kortlik behandel, maar vorm dit die eerste van drie hoofstukke wat saam ‘n hoofafdeling, met die titel “van die eerste mense tot die eerste nedersettings”, uitmaak. Die ander drie hoofafdelings het as titels “van die groot ontwrigtings tot Afrika-nasionalisme”, “van ‘n landelike tot ‘n nywerheidsamelewing” en “van ‘n Afrikanerstaat na ‘n Afrikastaat”.⁷⁴ In hierdie werk is daar dus nie net een hooftema nie, wat meebring dat die vroeë geskiedenis meer tot sy reg kom en tog ‘n integrale deel van die hele oorsig vorm.

Die boek van Van Aswegen bevat elf hoofstukke, waarvan die eerste drie hoofstukke, asook ‘n gedeelte van hoofstuk 4, oor die vroeë geskiedenis handel.⁷⁵ Van Aswegen identifiseer nie ‘n hooftema nie, maar gee die vernaamste ontwikkelinge, politiek, ekonomies en sosiaal, in die periode tot 1854 weer. Die hoofstukindeling is grotendeels kronologies van aard, wat meebring dat elke hoofstuk ‘n aparte eenheid vorm. Tog word die lyne duidelik deurgetrek, ook wat die geskiedenis van die Khoikhoi en die

72 R Davenport & C Saunders, *South Africa; A modern history*, pp. vii-xiv.

73 R Davenport & C Saunders, *South Africa; A modern history*, p. 3.

74 H Giliomee & B Mbenga (eds), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. vi-vii.

75 HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika...*, pp. 5-6.

Bantoesprekendes betref. Die geskiedenis van die Bantoesprekendes van 1500 tot ongeveer 1800 word byvoorbeeld in ‘n enkele hoofstuk behandel. Die ander skrywers volg ook ‘n hoofsaaklik kronologiese hoofstukindeling, maar wy net ‘n enkele hoofstuk aan die vroeë geskiedenis, terwyl die tweede hoofstuk begin by 1652. Omer-Cooper, Feinstein, Thompson en Ross beskou die vestiging vasn die Nederlandse verversingspos aan die Kaap in 1652 as ‘n belangrike keerpunt. Die geskiedenis voor hierdie datum word slegs in die eerste hoofstuk as agtergrond tot die latere ontwikkelinge behandel. Terwyl Omer-Cooper nie die stigting van die Kaapse verversingspos as die beginpunt van Westerse kolonisasie aandui nie, blyk dit uit die titels wat Thompson, Feinstein en Ross aan die tweede hoofstuk van hul oorsigwerke gee dat hulle die kom van die eerste Europeërs as die begin van ‘n tydperk van Westerse oorheersing beskou.⁷⁶

Al die skrywers wy die grootste deel van hul werk aan die geskiedenis na 1650. Hierdie fokus op die latere geskiedenis bepaal die wyse waarop die vroeë geskiedenis binne die groter geheel bekyk word. Skrywers soos Feinstein, Thompson en Ross sien dit veral as ‘n agtergrond tot die Westerse kolonisasie van die land. Dit geld ook vir Parsons en Davenport en Saunders, hoewel hulle die geskiedenis voor 1650 saam met latere ontwikkelinge as aanloop tot die tydperk van blanke beheer beskou. Dit is eintlik slegs Van Aswegen en Giliomée en Mbenga wat afwyk van hierdie interpretasie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Van Aswegen wil ‘n geheelbeeld gee van die geskiedenis voor 1854 en sien die vroeë geskiedenis as ‘n belangrike deel daarvan, terwyl Giliomée en Mbenga meer as een hoof tema in die geskiedenis identifiseer. Die inhoud van hulle afdelings oor die vroeë geskiedenis verskil nie drasties van dié van die ander skrywers nie, maar hulle bied tog ‘n perspektief waarin in groter mate weg beweeg word van ‘n tydperk voor en ‘n tydperk na die kom van die Westerse koloniseerders. Laasgenoemde indeling figureer nog steeds in die meeste ander werke.

Slotbeskouing

Elphick is die enigste historikus wat werklik ‘n nuwe bydrae tot kennis oor die vroeë Suid-Afrikaanse geskiedenis lewer. Dit is te betwyfel of ‘n

⁷⁶ L Thompson, *A history of South Africa*, p. 31: “Chapter 2, The white invaders: The Cape Colony, 1652-1870”; CH Feinstein, *An economic history of South Africa...*, p. 22: “2 Seizing the land: Conquest and dispossession”; R Ross, *A concise history of South Africa*, p. 22: “2 Colonial conquest”.

vergelykbare studie oor ‘n ander aspek van die vroeë geskiedenis deur ‘n vakhistorikus gedoen kan word. Sonder die beskikbaarheid van reisverslae en ander dokumente sou Elphick heeltemal afhanklik gewees het van publikasies deur argeoloë en dan waarskynlik nie ‘n besliste nuwe bydrae kon lewer nie. Peires het in sy studie van die Xhosa onder meer van dokumente en mondelinge oorlewering gebruik gemaak, maar dit bied hoofsaaklik inligting wat terugstrek tot die agtende eeu. Soos reeds hierbo aangedui, is die enigste ander publikasie deur ‘n historikus wat nie oor die hele vroeë Suid-Afrikaanse geskiedenis handel nie, die boek van Maylam oor die geskiedenis van die Bantoesprekendes, wat slegs op ander gepubliseerde werk gegrond is. Daar is beslis ruimte vir geskiedwerke wat net oor ‘n provinsie of landstreek handel en wat moontlik gedeeltelik gebaseer is op publikasies van ander wetenskaplikes, waarby dan ook heelwat aandag aan die vroeë geskiedenis gegee kan word. Tot dusver het daar net boeke oor die geskiedenis van KwaZulu-Natal en Mpumalanga verskyn wat in hierdie kategorie val.⁷⁷

Die historici wat geheeloorsigte van die vroeë geskiedenis gelewer het, gee hoofsaaklik slegs ‘n samevatting van inligting wat hul in ander publikasies gevind het. Dit blyk oor die algemeen nie duidelik dat hulle vraagstukke vanuit die besondere perspektief van ‘n historikus benader nie. In sy tipering van die vroeë Bantoesprekende samelewings as ‘n “frontier society”⁷⁸ vergelyk Thompson hierdie gemeenskappe implisiet met pioniersamelewings in die grensgebiede van Noord-Amerika en Suider-Afrika gedurende die agtende en negentiende eeue. Dit is ‘n onderwerp waaroor hy as mede-outeur ‘n belangrike publikasie gelewer het.⁷⁹ Die argeoloog Martin Hall, na wie Thompson nie in die betrokke paragraaf verwys nie, het egter in 1987 ook die uitbreiding van veeherders- en landbouersgemeenskappe in Suid-Afrika binne die konteks van grensutbreiding bespreek.⁸⁰ Feinstein, ‘n ekonomiese historikus, vergelyk vroeë ekonomiese ontwikkelinge in Suid-Afrika met dié in ander wêrelddele en probeer dan die vraag beantwoord waarom daar nie arbeidspesialisasie en groter toespitsing op handel in die Bantoesprekende samelewings ontstaan het nie. Elphick en Thompson gee ook kortliks aandag

77 A Duminy & B Guest (eds), *Natal and Zululand from earliest times to 1910: A new history* (Pietermaritzburg, University of Natal Press, 1989); P Delius (ed), *Mpumalanga: History and heritage* (Scottsville, South Africa, University of KwaZulu-Natal Press, 2007). In albei werke is die afdelings oor die vroeë geskiedenis egter nie deur vakhistorici geskryf nie.

78 L Thompson, *A history of South Africa*, p. 30.

79 H Lamar & L Thompson (eds), *The frontier in history; North America and Southern Africa compared* (New Haven, Yale University Press, 1981).

80 M Hall, *The changing past; Farmers, kings and traders in Southern Africa, 200-1860* (Cape Town, Philip, 1987), pp. 32-45.

aan hierdie vraagstukke. Die vraag waarom daar wel vroeg in die tweede millennium groot politieke eenhede noord van die Limpopo ontwikkel het maar, behalwe vir Mapungupwe, nie in Suid-Afrika nie, word nie in enige van die werke wat hierbo bespreek is aan die orde gestel nie. Daar moet uiteraard in gedagte gehou word dat die meeste van die werke wat in die artikel bekyk word oorsigwerke is en dus nie veel ruimte bied vir diepgaande bespreking nie.

Die besondere aard van die historici se interpretasies lê dus hoofsaaklik in die wyse waarop hulle die vroeë geskiedenis deel gemaak het van hul oorsigwerke van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Soos hierbo aangedui, bekyk die meeste oorsigkrywers die Suid-Afrikaanse geskiedenis veral vanuit die perspektief van die agtergrond tot, aard van en beëindiging van Westerse kolonisasie. Slegs Van Aswegen, Omer-Cooper en Giliomee en Mbenga beskou dit nie as die dominerende tema van die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie. Parsons bly in sy oorsigwerk in die meeste opsigte by die konvensionele uitkyk op die geskiedenis, maar verklaar in ‘n latere publikasie dat daar in die Suid-Afrikaanse geskiedenis ‘n tydperk was waar die Engelse taal versprei en Engelse kulturele hegemonie gevestig is. Dit het tot weerstand geleid. Daarvoor was daar ‘n tydperk van “Afrikaans-Dutch hegemony and resistance to it” en nog verder terug was daar “the post-1500 hegemonies of and resistance to Nguni and Sotho-Tswana”.⁸¹ Die redakteurs van *The Cambridge history of South Africa* skryf dat daar gedurende die afgelope twee millennia, sover vasgestel kan word, pogings deur regeerders was “to set the social and political relations between the various groups of society as firmly as possible”. Dit was die geval “in the kingdom centred on Mapungupwe at about the turn of the millennium”, in die groot Tswana- en Zoeloe-state van die agtiende en negentiende eeu, en “in the colonial society that emanated from the Cape from the mid-seventeenth century”.⁸² Ross is van mening dat die verspreiding van die landbouersgroepe oor die oostelike helfte van Suid-Afrika gesien kan word as ‘n kolonisasiebeweging, hoewel hy die saak nie verder bespreek nie.⁸³ Die Nederlanders was dus nie die eerste mense om dele van Suid-Afrika te koloniseer en hul gesag oor ander groepe te vestig nie.⁸⁴ Die komste van

⁸¹ N Parsons, “South Africa in Africa more than five hundred years ago: Some questions”, N Swanepoel, A Esterhuysen & P Bonner (eds), *Five hundred years rediscovered: Southern African precedents and prospects* (Johannesburg, Wits University Press, 2008), p. 41.

⁸² C Hamilton, B Mbenga & R Ross, “Editors’ introduction”, C Hamilton, B Mbenga & R Ross (eds), *The Cambridge history of South Africa*, Vol. 1, *From early times to 1885*, p. xvi. So ‘n perspektief kom egter nie duidelik in die boek, waaraan ‘n aantal wetenskaplike meegewerk het, na vore nie.

⁸³ R Ross, *A concise history of South Africa*, p. 10.

⁸⁴ Vergelyk P de Klerk, “1652 – die begin van kolonialisme in Suid-Afrika?”, *Historia*, 47(2), 2002, pp. 739-764.

die Europeërs het 'n ingrypende invloed op die ontwikkeling van die land gehad. Selfs gesien teen die agtergrond van die duisende jare waaroor die land se geskiedenis strek, was dit 'n baie belangrike gebeurtenis. Daar was tog ook voortgang van tendense wat reeds vroeër begin het, soos onder meer die ontwikkeling van groter politieke eenhede onder die Bantoesprekendes. Hierdie perspektief kom nog maar in beperkte mate in historici se interpretasies van die vroeë geskiedenis na vore.

Historici kan slegs skryf oor aspekte van die geskiedenis waaroor daar bronre beskikbaar is. Dit kom uit die werke wat in die artikel bespreek is, duidelik na vore. Waarskynlik sal kennis oor die vroeë verlede nog heelwat toeneem. Dit lyk of veral die moontlikhede om uit taalkundige kennis afleidings oor historiese ontwikkelinge te maak nog meer benut kan word.⁸⁵ Verder kan meer vergelyking met ontwikkelinge in ander lande vrae na vore bring waarop wetenskaplikes antwoorde moet probeer vind. Waarskynlik sal ons kennis van die periode voor 1650 in die geskiedenis van Suid-Afrika tog heelwat vaer bly as die kennis wat van hierdie tydperk ten opsigte van lande soos Egipte, Griekeland, China en Mexiko bestaan. Nogtans moet die beskikbare bronre deeglik benut word om 'n so duidelik moontlike beeld te verkry. Hiervoor is samewerking tussen wetenskaplikes van verskillende dissiplines nodig. Vakhistorici, met hulle besondere skoling en benadering tot die interpretasie van bronre wat gebruik kan word om die verlede te ontsluit, kan hierby 'n belangrike bydrae lewer. Onder meer behoort hulle tendense en patronen in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat in die vroeë periode begin het en deurloop na die latere jare sterker na vore te bring. Gesien die feit dat historici maar sedert 1970 ernstig aandag gee aan die vroeë tydperk, is dit waarskynlik dat hierdie geskiedenis in latere werke steeds meer tot sy reg sal kom.

⁸⁵ C Ehret, *An African classical age...*, p. 228, skryf dat sommige argeoloë wat Suider-Afrika as studieveld het nie baie waarde heg aan taalkundige metodes nie en dat bestaande taalkundige gegewens in groter mate verreken kan word as wat tans die geval is. Vergelyk ook N Parsons, "South Africa in Africa more than five hundred years ago: Some questions", N Swanepoel, A Esterhuysen & P Bonner (eds), *Five hundred years rediscovered; Southern African precedents and prospects*, p. 43.